MEDIAVRYSTELLING ***VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING***

MINIATUUR KANONNE BY MILITÊRE FEES

Pretoria 21 April 2015. Die jaarlikse Militêre en Geskiedenisfees op 1 Mei by die Voortrekkermonument Erfenisterrein, sal hierdie jaar spog met ‘n paar nuwelinge. Die fees was verlede jaar só gewild, dat daar hierdie jaar 15 bykomende stalletjies is.

Hierdie jaar skop die program om 11:00 af met ‘n demonstrasie van capoeira gevegskuns. Daar sal ± 10 persone daaraan deelneem, waarvan die jongste sewe jaar jonk is. Capoeira is ‘n tipe gevegkuns wat in Brasilië tussen vegtende slawegroepe ontstaan het. Die Monument se kanon Susanna, sal om 12:00 uur afgevuur word. Susanna is in 2003 deur die Monument van die *Cape Town High School* bekom. Sy is ‘n Britse 6 pond-*gunade* skeepskanon, ca. 1820. Nadat Susanna gebrul het, sal die miniatuur kanonne van die Kanonvereniging van Suid-Afrika ‘n kans kry om hul slag te wys.

‘n Franse Gazelle helikopter sal seker hierdie jaar die grootste trekpleister wees. Hulle het tot onlangs diens gedoen in Afghanistan. Daar sal ook ‘n Alouette helikopter te sien wees. Ou staatmakers soos Milkor, sal hulle *Supersix* 40mm-granaatlanseerder uitstal en sal ook ‘n paar skote daarmee afvuur. Milkor sal ook die firma se vroeër generasie van hierdie wapen tentoonstel. Matoska, ‘n maatskappy wat onder meer skerpskuttergewere vervaardig, sal sy *Double Star* 3G 5.56 x 45 op die skou hê. Dan is daar ook die *Zwartkop Scale Modellers*-klub met ‘n groot uitstalling en ‘n plaaslike mesmaker.

Die Pantserformasie van die SANW asook die Lugafweer Formasie gaan verskeie voertuie en wapenstelsels tot die fees bydra. Dan sal die stalletjie van Koevoet ‘n pragtige beeldjie verkoop. Verskeie militêre boeke, en hul skrywers sal tydens die fees byderhand wees om eksemplare te teken. Handelaars sal militaria, boeke, medaljes, uniformstukke en selfs militêre kunswerke verkoop. Omtrent 40 militêre nabootsers verleen kleur aan die geleenthied.

Die fees vind plaas van 09:00 tot 16:00 op die piekniekterrein van die Voortrekkermonument.

Kosstalletjies sal beslis enige honger stil en ‘n bierarea met sitplekke sal na die dorstiges omsien. Toegang behels R20 per voertuig, ongeag die getal insittendes. Belangstellendes kan Geraldine Paulsen kontak by bemarking@vtm.org.za of by 012 326 6770 met navrae.

UITGEREIK DEUR:
SONJA LOMBARD
BESTURENDE DIREKTEUR
VOORTREKKERMONUMENT
Tel: 012 326 6770
Faks: 012 326 8374
E-pos: sonja@vtm.org.za